# HOËRSKOOL BONNIEVALE
# *NUUSBRIEF*

12 Julie 2024
**OMSENDBRIEF 19/2024**

**Geagte ouers, leerders en Bonnies**

1. **Sport teen HS Swellendam:** Vir ons leerders se veiligheid het ons besluit om môre se wedstryde teen HS Swellendam te kanselleer. Eerstens is die riviergevaar nou te groot. Tweedens mag ons leerders nie skool toe gekom het selfs om net te oefen nie. Die risiko vir ernstige beserings is dan te groot.

2. **LS Ashton Pikkiedag:** Die volgende boodskap het van LS Ashton gekom: “Weens te veel skole wat van ons sportdag onttrek het op kort kennisgewing, noodsaak dit ons om ons Pikkie Sportdag tot verdere kennisgewing uit te stel. Ons is regtig jammer vir die ongerief! Groete. LS Ashton Skoolhoof en personeel.”

3. **Sport vs. HS Montagu:** HS Montagu het versoek dat ons wedstryde teen hulle wat Woensdag sou plaasvind, 'n dag vroeër plaasvind omdat hulle nie Woensdag kan nie. Ons kan nie bekostig om nog wedstryde te verloor nie; gevolglik sal ons dan **Dinsdag 16 Julie** teen HS Montagu speel. Alle oefeninge vir die hoërskoolspanne sal dus eerskomende Maandagmiddag plaasvind. Die afrigters sal verdere reëlings deurgee.

4. **Skoolsluiting weens storms:** Die skool wat die afgelope twee dae deur die Wes-Kaap Onderwyshoof gesluit is, was beslis ontwrigtend vir almal, maar ons glo dat dit die regte besluit vir kinders se veiligheid was. Ons personeel sal volgende week vergader om te beplan vir die onderrigtyd wat verlore gegaan het — veral vir die graad 12’s. Middag- en naweekklasse is een van die opsies wat bespreek sal word. As ons personeel, ouers en leerders saamspan, sal ons beslis hierdie uitdaging ook oorkom.

5. **Ouerkontak:** Ouers het op die volgende datums geleentheid om met hul kinders se onderwysers te ontmoet. Veral ouers van leerders wat nie goeie punte in kwartaal 2 behaal het nie moet asseblief ‘n punt maak daarvan om by die ouerkontaksessies uit te kom.

    - Gr. 1 tot 3: Maandag 15 Julie 17:00
    - Gr. 4 tot 7: Woensdag 24 Julie 17:00 tot 19:00
    - Gr. 8 tot 12: Maandag 22 Julie 16:00 tot 18:00.

6. **Leerderteenwoordigheid vóór skool:** Ouers, neem asseblief kennis dat daar verskeie hoërskoolleerders is wat soggens voor skool deur taxi’s of busse by die skool afgelaai word, maar dan sonder toestemming dorp toe stap in plaas van om op die skoolterrein te bly. Dit gebeur meestal voordat ons personeel 7:30 by die skool is. Let asseblief daarop dat leerders nie die skoolterrein sonder toestemming mag verlaat nie. Ons sal nie anders kan as om leerders wat hierdie reëls oortree te straf nie, ten einde vir hulle verantwoordelikheid te probeer leer. Praat asseblief met u kind en ook die bestuurder van die busse/taxi’s. Vir u kind se veiligheid moet hy/sy dadelik die skoolterrein betree as hy/sy afgelaai word.

7. **Mnr. Francois Botha:** Dit is met hartseer dat ons in die Junie-vakansie verneem het van ‘n legendariese oudonderwyser van HSB, mnr. Francois Botha, se afsterwe. Te oordeel aan hoeveel positiewe kommentaar oor mnr. Botha gelees word, is dit duidelik dat hy ‘n besonderse mens was wat ‘n groot impak op leerders en die Bonnievale-gemeenskap gemaak het. Ons gedagtes en gebedes is met sy naasbestaandes.

8. **Graad 10-vakveranderinge:** Daar is graad 10-leerders op wie se rapporte ons aanbeveel het dat hulle ‘n vakverandering moet oorweeg omdat hul huidige vakkeuse waarskynlik gaan maak dat hulle nie graad 10 slaag nie. Die verandering is nie verpligtend nie, maar ouers, ons vra dat u ernstig sal oorweeg wat in u kind se beste belang is. Indien u wel wil voortgaan met ‘n vakverandering, moet u asseblief die aansoekvorm op die laatste **Woensdag 16 Julie** by die skoolkantoor inhandig. Die vorm is by die sekretaresse beskikbaar of kan afgelaai word by: https://hsbonnievale.co.za/vakveranderings/

9. **Skoolkoerant:** Baie geluk aan **Vanwyk de Wet** (gr. 11) wat as die 2024/2025 redakteur van ons beroemde skoolkoerant, *Voorwaarts*, verkies is. Vanwyk, jy het reeds ‘n goeie jaartermyn agter die rug en ons weet sommer jy gaan ons spogproduk sommer tot nog verdere hoogtes neem.

10. **Waarde van die maand**: Die waarde van Julie is **betroubaarheid**. Betroubaarheid beteken dat mense jou kan vertrou in alle omstandighede; dat jy die regte ding sal doen, selfs wanneer niemand jou dophou nie. Iemand wat betroubaar is, is iemand wat jy kan glo, iemand op wie jy kan staatmaak – onder álle omstandighede. Ons doen ‘n beroep op ons ouers om ook hierdie belangrike waarde met jul kinders te deel en by u huis te onderrig.

11. **Aktiwiteite:** Die volgende datums is belangrik:

| | |
|---|---|
| So. 14 Jul. | Juf. Michelle van Zyl verjaar |
| Ma. 15 Jul. | Ouerkontak gr. 1 tot 3, 17:00 tot 18:00<br>Hoërskoolsportoefeninge |
| Di. 16 Jul. | Rugby vs. HS Montagu (tuis) |
| Wo. 17 Jul. | Skaak vs. Ashton Sekondêr (weg)<br>Mnre. Pieter Brink en Darius van Loggerenberg verjaar |
| Vr. 19 Jul. | Graad 12-uitstappie |
| Sa. 20 Jul. | Villa HS Bonnievale Sportdag |
| Wo. 24 Jul. | Hoërskoolsport vs. Swellendam Sekondêr (weg)<br>HSB Toneel- en kultuuraand (skoolsaal) |
| Do. 25 Jul. | Laerskoolsport vs. LS Montagu (tuis)<br>VRL Oscars-aand (skoolsaal) |
| Sa. 27 Jul. | LS Robertson Sportdag |
| Ma. 29 Jul. | Sing-song-oefeninge vir interskole begin |
| Wo. 31 Jul. | HSB Toneelgroep tree by ATKV Tienertoneelfees te Fraserburg op |
| Do. 1 Aug. | Juf. Sané Nel verjaar |
| Do. 2 Aug. | Interskole Groot Brag (skoolsaal) |
| Do. 3 Aug. | Interskole vs. LS en HS Curro Hermanus (tuis) |

Vriendelike groete vanuit die kantoor.

S. Prins
Skoolhoof

*“Saam kan ons enige uitdagings, so diep soos die oseaan en so hoog soos die hemelruim, die hoof bied.”*
*- Sonia Gandhi (Indiese politikus)*